



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2020

**AFRIKAANS HUISTAAL V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepeenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- FEIT/MENING: Feit/mening kry nie 'n punt nie, maar motivering wel.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slags** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

VRAAG 1 (Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde nie/taalgebruik nie.)		
Vraag	Antwoord	Punte
1.1	Mense vel vinnig 'n oordeel oor ander (met vreemde aksente) / Mense het vinnig iets te sê oor ander se uitspraak. <i>Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.</i>	1
1.2	Die persoon met die "vreemde" aksent is nie goed geskool nie / Hy/sy is naïef / Hy/sy is regtig dom / Hy/sy kom uit 'n laer sosio-ekonomiese klas / Hy/sy is agter die klip. <i>Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.</i>	3
1.3	Aksentisme is diskriminasie teenoor iemand met 'n vreemde aksent ✓ Dis net so erg soos rassisme ✓ en seksisme ✓ en diskriminasie op grond van seksuele voorkeur, ouderdom en geslag. ✓	4

1.4.1	Sy navorsing het getoon dat mense eerder hul aksente sal verander as daar teen hul gediskrimineer kan word oor hoe hulle praat / Hulle is bang dat hulle nie 'n werk sal kry met hul bepaalde aksent nie.	1
1.4.2	Dis tot nadeel van die individu omdat dit tot spanning kan lei. ✓ Mense kan ook voel hulle “verkoop uit” wat weer skade aan hul selfbeeld veroorsaak. ✓	2
1.5	Beide, Britte en Suid-Afrikaners, gebruik twee taalregisters. ✓ Hulle dink 'n deftige “Engels” pas meer by hul werksomgewing / wil nie teen gediskrimineer word by hul werksomgewing nie. ✓	2
1.6.1	Dr. Baratta en prof. Anthonissen glo dat daar wel teen persone met sg. “vreemde” aksente in werksomgewings gediskrimineer word.	1
1.6.2	Ja Luisteraars het gedink verskillende individue het gepraat terwyl dit slegs een begaafde taalgebruiker was wat verskillende registers gepraat het. <i>Kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.</i>	1
1.7	Ja Elke mens is 'n individu, verskil van mekaar en praat dus op hul eie unieke manier. OF Nee Kommunikasie is uiters belangrik en daarom moet mense hulself verstaanbaar maak en dit kan net plaasvind as almal dieselfde praat.	1
1.8	Ja Beide se sienswyses is op navorsing gegrond.	1
1.9	In sommige beroepe is daar beperkte werks- of bevorderingsgeleenthede. ✓ Die werknemer moet besluit of hy/sy vrede moet maak met sy/haar eie aksent en of hy/sy dit moet aanpas. ✓	1 1
1.10	Sy sal nie meer die vooroordeel van verskillende groepe ervaar nie.	1
1.11	Politici / politikusse ✓ “Twang” is wanneer 'n swart persoon soos 'n wit persoon praat, dus iemand wat die aksentuitwerking van sy eerste taal op sy tweede taal afgeleer het. ✓	1 1

1.12	Dis deel van 'n magspel / Dis politieke strategie om iets wat as trots / hovaardig / vermetel / ergerlik / sleg oorkom te verwerp / ondermyn. <i>Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan vir EEN punt.</i>	1
1.13	Ja Hulle gebruik dit om mense te laat lag en om selfs politieke en sosiale kommentaar te lewer. OF Nee As hulle goed genoeg is, is die gebruik van aksente onnodig / 'n mens spot nie met ander se aksente nie.	1
1.14	Aksente verskil in elke land ter wêreld van streek tot streek. ✓ Dit word lankal reeds in die letterkunde aangespreek. ✓	2
1.15	Ja Die mond wat oop is en lyk asof daar gepraat word / Die verskillende "stukke van die legkaart" wat die persoon uitbeeld / Die landsvlag met die tipiese Suid-Afrikaanse woorde daarop. <i>Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.</i> <i>Die kandidaat bied enige antwoord vir EEN punt aan.</i>	1
1.16	Ja Dié woorde is funksioneel aangesien dit tipiese woorde is wat gewone landsburgers graag gebruik. OF Nee Ek vereenselwig my glad nie met die Afrikaanse woorde op die vlag nie.	1
1.17	Die persoon se woorde in TEKS B is tipies van diegene wat hul skuldig maak aan diskriminasie teenoor dié met vreemde aksente.	1
1.18	Takseer	1
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming:**

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eië sinne**, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in **volesinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken vir HT:
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- ❖ Tel van woorde:
 - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - As die vereiste getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.

MOONTLIKE PARAGRAAF

Tree doelbewus met selfvertroue op. Waardeer dit wat jy het; die positiewe faktore in jou lewe. Leef doelgerig deur na bereikbare doelwitte te werk. Maak vrede met ander se kritiek. Stuur jou brein doelbewus in die regte rigting. Omring jouself met ondersteunende, opbeurende mense met positiewe energie. Leer ander om jou persoonlike grense te respekteer.

Getal woorde: 55

AANHALING UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING
1	<i>... so tree met selfvertroue op</i>	A Versorg jouself, trek mooi aan en tree met selfvertroue op
2	<i>... waardeer wat jy het ...</i>	B Fokus doelbewus op die positiewe en waardeer dit wat jy het
3	<i>... doelgerig ... na bereikbare doelwitte te werk</i>	C Streef na bereikbare doelwitte en werk hard om dit te bereik
4	<i>... maak vrede met kritiek</i>	D Jy sal moet vrede maak met kritiek
5	<i>... jou brein in die regte rigting te stuur ...</i>	E Jy moet jou brein in die regte rigting stuur met gesonde motiveringsgewoontes
6	<i>Omring jouself met ondersteunende, opbeurende mense met positiewe energie</i>	F Sorg dat jy jou omring met ondersteunende, opbeurende, positiewe mense
7	<i>Leer ander om jou persoonlike grense te respekteer...</i>	G Stel duidelike persoonlike grense en leer ander om dit te respekteer
		Getal woorde: 72

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**VRAAG 3: ADVERTENSIE****Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en puntuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.

Vraag	Antwoord	Punte
3.1	Jou onverwagte geskenk is 'n aangename <u>verrassinkie!</u> verras	1 1
3.2	Die <u>onderbreekte</u> les het die onderwyser grensloos geïrriteer.	1
3.3	... gaan nié net oor nie drink en bestuur nie. Dit gaan óók oor wakker bly ...	1
3.4	Padveiligheid is 'n breë begrip en is nie net die voorkoming van alkohol drink en dan wil bestuur nie – dit gaan oor baie meer as net dronk bestuurders.	1
3.5	bietjie	1
3.6	knip 'n uiltjie beteken om bietjie te slaap	1
3.7	Dit mag beter wees om jou bestemming laat te bereik Dit kan (moontlik) beter wees om jou bestemming laat te bereik Dit sal moontlik/miskien beter wees om jou bestemming laat te bereik Dit behoort beter te wees om jou bestemming laat te bereik Dit mag tog / As dit tog maar beter is om jou bestemming laat te bereik	1
3.8	goed	1
3.9	Bestuurders van voertuie, selfs alle padgebruikers	1
		[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Vraag	Antwoord	Punte
4.1	Byvoeglike bysin	1
4.2	'n Kort, beklemtoonde vokaal vereis 'n verdubbeling van die daaropvolgende konsonant.	1
4.3	R50 / Vyftig rand is daarvoor deur die tandemuis aan my gegee.	1
4.4	Hy manipuleer die seun deur te sê dat as die seun slim is, hy wel die geld sal spaar. Met ander woorde hy sal dom wees indien hy dit nie spaar nie. Die seun neem aan dat toffies al sy tande sal laat uitval en dat hy gou sy hommeltuig sal kan koop. Die seun sal nie as "dom" beskou wil word nie. Aannee: Hoe meer tande hy verloor, hoe gouer gaan hy genoeg geld hê vir sy hommeltuig.	2
4.5	simpel / sotlik / belaglik	1
4.6	Dit laat my soos 'n paloeka lyk; enige iemand wat daarvan hou, is 'n sot. / Dit laat my soos 'n paloeka lyk en enige iemand wat daarvan hou, is 'n sot. Enige iemand wat daarvan hou is 'n sot, want dit laat my soos 'n paloeka lyk.	1
4.7	Ek dink my onderwyseres is vandag verlief op my./ Ek dink my onderwyseres is in die klaskamer verlief op my.	1
4.8	Haar uitroep: WAT! in hoofletters / Haar oë lyk geskok / Haar mond dui op skok.	1
4.9	Sy bedoel dat hy nie verlig moet voel nie, maar bekommerd oor sy swak toetsuitslae en sy ma se optrede daaroor.	1
		[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punte
5.1	Nou / ou	1
5.2	Hy/sy kwyt hom /haar goed van sy/haar taak.	1
5.3	'n Samestelling wat bestaan uit woorde wat herhaal, vereis 'n koppelteken.	1
5.4	Dit dui op woorde wat op 'n eie standpunt dui.	1
5.5	Wat 'n slegte gedagte.	1
5.6	Vokaalreduksie	1
5.7.1	Daar sal 'n betekenisverandering plaasvind./ Daar sal 'n trae stemming/gevoel bespeur word.	1
5.7.2	My lui toon aan my linkervoet wil nie reageer as ek hom stamp nie aangesien hy beseer is tydens my motorfietsongeluk. / Daar heers 'n lui toon (stemming) in die klaskamer.	1
5.8	afleiding	1
5.9	'n Attributiewe byvoeglike naamwoord word gevorm / Dit verbuig die byvoeglike naamwoord.	1
		[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70